


TERUG SKOOL TOE

Help jou kinders netjies bly. Hier is slim selfmaak-planne om skryfgoed te berg en twee los jurke vir die kunsklas



deur LOUISE BALLACK
foto's ARNO KÖSTER

Dié potloodsakkie bind maklik toe en die skryfgoed raak nie so maklik weg nie.





Potloodsakkie (Foto 1 en 2)

BENODIGDHEDE: Bont oorskietkatoenstof; effekleurige oorskietkatoenstof; 5,5 m skuinsband; bypassende gare

KNIPAANWYSINGS: Knip een vierkant 40 x 40 cm, twee driehoeke 10 x 10 x 14,5 cm en een strook 25 x 10 cm uit bont katoenstof. Knip een vierkant 40 x 40 cm uit effekleurige katoenstof.

AANWYSINGS: Vou drie sye van die driehoeke en rondom die strook 5 mm na verkeerde kant toe. Pars. Stik die lang sye van die driehoeke en die twee lang sye

van die strook om netjies af te werk. Plaas die driehoeke in teenoorgestelde hoeke op die regte kant van die effekleurige vierkant en stik die twee kort sye. Plaas strook skuins af in die middel van die effekleurige vierkant op die regte kant en stik langs die twee kort sye. Stik nou oor die dwarste van die strook en omtrent 1,5 cm uitmekaar stiksels om bēreplek vir penne en potlode te maak.

Werk los gare netjies af. Plaas effekleurige vierkant met verkeerde kante op mekaar bo-op bont vierkant. Werk twee teenoorgestelde kante met skuinsband af. Werk die oorblywende twee kante met skuinsband af, maar laat genoeg skuinsband aan die punte om die sakkie toe te

Voorskote van dik katoen hou die klere skoon en sonder verfspatsels.

bind.

Voorskote vir kunstenaartjies (Foto 3)

BENODIGDHEDE: Vir elke voorskoot: 0,5 m swaar katoenstof (90 cm breed); oorskietlappe; 4 m skuinsband; bypassende gare.




NATREK VAN PATROON: Teken die patroon na en vergroot. (1 blokkie = 5 cm).

AANWYSINGS: Knip die patroon een keer uit met skouernate op die vou geplaas. Werk rondom met skuinsband af. Knip appliekmotief volgens ontwerp uit en applikeer op die voorkant van die voorskoot.

BLAAI OM

TERUG SKOOL TOE

VAN BLADSY 59



Tuc's altyd bak.

Praat van happies –
smullekker Tuc. Met iets
op of net so.

In verskillende
pakgroottes tot
200 g, nommer pas
vir enige aptyt.



Tuc. Ideaal vir
rustig alleen of
skelmpies
knibbel.

Vir daai
rojale onthaal of
gesellige jolyt.

Enige tyd altyd die bakste.

VAN BLADSY 96



OPLOSSING:
EKSTRA
BLOK-
RAAISELS

VAN BLADSY 97

VAN 6
24
DESEMBER
1986

